Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Sondag, 21 April 2013

OGGENDDIENS: ds Karel

Skriflesing: 2 Samuel 7
Teks: 2 Samuel 7:29
Tema: God se seën - geleef en beleef!

"Mag die Here jou seën!"....dit is `n gesegde waaraan ons al baie gewoond geraak het. Ons sê dit vir mekaar op verjaarsdae, op troues en op bykans elke besonderse gebeurtenis. Ons hoor dit ook elke Sondag. Aan die begin en die einde van die erediens ontvang ons die seën van die Here. Die vraag wat min van ons egter ooit vra is wat die seën van die Here werklik is? Voordat ons die seën van die Here kan beleef, moet ons tog eerstens weet wat die seën van die Here is!

En wat doen jy met hierdie seën van die Here wat jy ontvang het? Is die seën van die Here net beperk tot dit wat tussen die mure van die kerkgebou gebeur tydens die erediens? Kom ons vind vanoggend saam uit wat die seën van die Here beteken, hoe ons dit in ons erediens en in die erediens van die lewe kan beleef en dit kan uitleef.

Voorafsang
Ps. 27-3:1, 6 en Ps. 67-2:1, 2, 3

Intreelied
Lied 151:1, 2

Ontmoetingsdiens
Votum, Seën ; Lofsang Ps. 138-2:1, 2, 3; Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet Ef. 5:6-20; Sing Ps. 65-2:1, 4, 5; Gebed

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps. 20-1:1, 4, 5, 7; Prediking; Stil oordenking

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Sb. 19-3:1, 2, 3, 4; Seën; Sing Sb 13-3

GESAMENTLIKE JEUGAAND EN EREDIENS BY DIE BULT GEMEENTE VANAAND!

Ons sien uit na vanaand se gesamentlike erediens om 18:00 by Die Bult. Ds Willem Steyn lei die erediens. Die volwassenes het dus genoeg tyd om eers die kinders om 17:45 by die saal af te laai.

<u>Jeugbediening 17:45</u>
Laerskooljeug

Ons laerskooljeug tot gr 6 kom reeds om 17:45 by Die Bult se kerksaal bymekaar om voort te gaan met hulle tema: **Soldaat vir Christus.** Ons sien uit daarna om al die maats weer daar te sien.

Hoërskooljeug 17:45 in die koffiekamer van Bult agter die kerksaal.

Na aanleiding van die Jeugsinode wat ons verlede kwartaal gehou het en waar die hoërskooljeug hulle behoeftes uitgespreek het, keer ons terug na 'n aparte byeenkoms vir die gr 7 - gr 12 jeug. Een van die temas wat hulle self voorgestel is: **Ek pas nie in nie....wat nou?** Hierdie tema word deur **Heleen Coetzee aangebied**. Heleen is sielkundige wat baie goeie aanklank by jongmense vind en sy gaan julle begelei om antwoord op hierdie moeilike vraag te vind. Na die tema gaan julle jeugleiers aanwys wat in die toekoms self julle jeugaande gaan reël. Ons sien julle almal daar en bring gerus 'n maat saam wat dalk saam met jou worstel oor jou plek in die lewe.Ons versoek ons ouers vriendelik om nie die jeugbyeenkoms van die hoërskoolkinders by te woon nie.

Ons doen 'n beroep op **ons ouers** om die kinders te bring want uit die Jeugsinode het dit skokkend duidelik geword dat dit dikwels die ouers is wat kinders weerhou van die jeugbediening.

MEELEWING

- Oom Johan Coetzee (wyk 4 - 083 985 9465), ons koster, is met prostaatkanker gediagnoseer. Ons bid hom en tannie Elsa sterkte toe met die behandelingspad wat voorlê.
- Pieter Bredenkamp (wyk 24 - 082 879 7507) se rugoperasie het goed afgeloop en hy sterk tuis aan.
- Tannie Ria Wahl (wyk 6 - 082 473 4788) is nog steeds in Mooimed met `n hartkwaal.
- Aneleh Schutte (wyk 5 - 082 339 5547) was die afgelope week in die hospitaal in Krugersdorp. Sy sterk tuis aan na `n lumbale epiduraal.
- Lou van Wyk (wyk 14 - 079 140 8972) sterk tuis aan nadat hy sy heup gebreek en dyspier geskeur het.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Br Hennie vd Berg, Sr Sannie Reyneke, Sr Filina Coetsee, Sr Marianne Kruger, Sr Bettie Ras, Sr Janet vd Walt, Sr Tokkie Theunissen en Sr Nella Swanepoel.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974
Marietjie Venter	082 852 6870/ 018 290 6266

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag

09:30 Gebedsgroep
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie
Tee en koffie in die Skuur
17:45 Gesamentlike Jeugaand
18:00 Gesamentlike aanddiens

Maandag

17:15 Katkisasie (Gr. 9)
Geen Kersmark vergadering

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Wyksusters
18:30 Bestuurskommissie

Woensdag
16:30 Katkisasie (Gr. 10)
17:15 Katkisasie (Gr. 8 en 11)
19:00 Bybelstudie: Klipdrif
19:00 Beginpunt

Donderdag
18:30 Wyksbyeenkoms: Wyk 21 & 22

Sondag 28 April
18:30 Wyksbyeenkoms: wyk 26 & 28

BOTSWANA UITREIK VERVERSINGS

Ons belydenisklas onderneem elke jaar in die Oktobervakansie ‘n uitreik na Botswana. Ons gemeente help hulle om hierdie uitreik finansieel moontlik te maak deurdat elke katkisasieklas geleentheid kry om op ‘n Sondag verversings te bring wat in die voorportaal van die saal geplaas word.
U kan van hierdie verversings neem vir ‘n donasie wat u in die houer op die tafel plaas.

Baie dankie aan die Gr 3 & 4 ouers wat vandag regstaan. Die kategete van die klasse moet onthou dat julle en julle klassies vandag die verversings bedien en lidmate daar ontvang en na die tyd opruim.

Ds Piet se langverlof

Die kerkraad het 3 maande langverlof aan ds Piet toegestaan waarop hy volgens sy beroepsbrief na 5 jaar bediening geregtig is. Dit is vir die tydperk 15 April tot 15 Julie. Gedurende hierdie tydperk sal hy voorbereidings doen vir die 5 weke fokustydperk op ons bedieningstrategie in Aug - Sept vanjaar. Hy sal riglyne vir preke, Bybelstudies, kleingroepgespreksriglyne, huisbesoekriglyne, gebedskalender ens. voorberei. Hy gaan ook in hierdie tydperk poog om heelwat werk te doen vir die Deputate Omkeerstrategie waarvan hy voorsitter is.

Bedieningsreëlings tydens sy langverlof

Katkisasieklasse
Sy katkisasieklasse op Woensdae gaan soos normaal voort onder leiding van prof Francois Muller. Die belydenisklas sal dus op datum bly met hulle werk met die oog op belydenisaflegging.
Bybelstudies
Klipdrifbybelstudie gaan voort onder leiding van oudl Koot van der Walt.
Woensdagoggende Bybelstudie gaan voort onder leiding van ds Karel.
Woensdagaande Bybelstudie gaan voort en sal deur verskillende lede van die groep gelei word.
Pastorale werk
Enige pastorale bediening wat in sy deel van die gemeente (Wyk 17 - 34) voorkom sal deur die betrokke wyksouderling en ds Karel hanteer word.

Ek is baie dankbaar vir die geleentheid en besef terdeë die groot voorreg daarvan. Ek laat die gemeente met gerustheid onder die bekwame leiding van ds Karel en die kerkraad. Baie dankie aan diegene wat vir my instaan gedurende hierdie tydperk.
Ds Piet.

VERJAARSDAE
Baie geluk aan almal wat DV diè week verjaar!

Sondag, 21 April

Sr Carina Smits	084 209 4198
Br Hansie Claassen	082 377 0494

Maandag, 22 April

Sr Marie Verryn	084 689 0405
Br Andries Pretorius	082 515 8554

Dinsdag, 23 April

Jsr Mia de Beer	082 780 5233

Woensdag, 24 April

Br Adolf Lombard	018 290 6669

Vrydag, 26 April

Br Cor Kruger (76)	082 732 9708
Jbr Marthinus du Preez	082 375 0572

Saterdag, 27 April

Sr Riana Schutte	082 355 1108
Br Dawie Grobler	072 117 3978
Br Fritz Ganz (87)	072 223 1268

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.

Die Diakonie ervaar 'n tendens van toenemende behoefte by lidmate om finansiële ondersteuning. Kom ons wat genoeg van die Here ontvang, gee ruim met vrywillige harte om die Diakonie in staat te stel om die groeiende behoeftes te kan ontmoet.

- Gawe by die deure vanoggend vir die Kerkblad.
- Gawe volgende Sondag vir Klassis Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 31 en 32.

JEUGNAWEEK - 11 EN 12 MEI 2013

Die Jeugbedieningskommissie beplan vir die naweek van 11 en 12 Mei twee jeugaksies vir al die katkisante van die gemeente. Op 11 Mei gaan ons almal saam bietjie stap (so dink nou al wat ma vir jou in jou rugsak moet pak) en 12 Mei gaan ons almal saam met die jongmense van Klipdrift kuier na die oggenddiens. Die jeugkommissie wil asseblief alle ouers aanmoedig om hulle kinders hierby betrokke te kry en ook om te help met die vervoer op die Saterdag en Sondag.
Meer inligting sal later gegee word.

DANKIE

Dankie aan elkeen wat Vrydag en Saterdag by die werkswinkel vir gebedsverryking was. Almal van ons sal saamstem as ons sê dat dit iets besonders was. Ons wil in die besonder vir prof. Ben de Klerk bedank wat baie moeite en tyd hieraan spandeer het en wat ons werklik weer gewys het op die wonder van gebed!

Indien daar lidmate is wat nie die werkswinkel kon bywoon nie en wat tog hierin wil deel, kontak gerus vir Adele by die kerkkantoor. Die werkswinkel is op DVD opgeneem en kan by haar bestel word.

NOG `N DANKIE

Baie dankie aan elkeen wat `n bydrae gemaak het vir ons broers en susters in Klipdrift. Ouma Katriena (82) is baie bly en dankbaar vir die warm klere wat sy ontvang het.
Indien jy graag sou wou betrokke raak by die bediening op Klipdrift, kontak gerus vir Peter Hattingh.

DANKIE HERE VIR:

*Lidmate wat hulle harte oopmaak en hulle broers en susters in die geloof help.

*Ouderlinge, predikante en diakens wat moeite doen om ons verbondskinders meer oor U te leer.

Indien daar iets is waarvoor jy dink ons as gemeente die Here voor moet dank, stuur dit deur na die kerkkantoor of ds. Karel.

ONS LITURGIE

Verlede Sondag het ons begin met `n reeks preke oor die liturgie van ons eredienste. Maar wat is "liturgie" en hoe pas dit in ons eredienste in? Die woord "liturgie" word afgelei van `n Griekse woord, *leitourgia,* wat eenvoudig vertaal kan word met "die diens van die volk". Die liturgie verwys dus na hoe ons dinge in ons erediens doen - hoe ons God dien in ons eredienste. Tog gaan hierdie eredienste nie net oor ons samekoms op Sondae nie, maar ook oor die erediens van ons lewe. Daarom dat dit wat ons Sondae in ons samekomste doen, iets moet weerspieël van ons lewe van elke dag.

Om hierdie rede is dit belangrik dat ons eredienste op Sondae sekere eienskappe moet dra. Ons eredienste moet feestelik wees en dit moet ook daarop gerig wees om ons as gemeente te laat groei in ons verhouding met mekaar. Verder is `n erediens nie net eenrigting verkeer nie. Dit is `n ontmoeting van ons Here met sy gemeente. Daarom dat ons eredienste `n dialoog moet wees. Daar is geleenthede waar ons na God luister (soos wanneer ons Bybel lees) en daar is geleenthede waar ons antwoord (sang en gebed).

Omdat die erediens ons moet laat groei in ons verhouding met mekaar en met God, is dit belangrik dat ons eredienste ordelik moet wees. Ordelikheid beteken **nie** volgorde **nie.** Ordelikheid beteken dat alles in ons eredienste só gedoen moet word dat dit die groei in ons verskillende verhoudings stimuleer.

Tog is ons eredienste nie gesluit vir die wêreld nie en daarom mag dit ook nie wêreldvreemd wees nie. Daarom dat die Sinode van die Gereformeerde Kerke lank reeds besluit het dat kleredrag nie voorskriftelik mag wees vir om iemand in `n erediens mag kom nie. Dat die samekomste van ons gemeente op die wêreld gerig moet wees, hoor ons reeds by Paulus wat, byvoorbeeld, vir die gemeente in Korinte gesê het dat wanneer `n ongelowige in `n samekoms inloop, dinge só moet gebeur dat hy of sy op `n punt sal kom om te sê: "Waarlik, God is hier met julle!"

Mag die volgende paar weke se preke oor die erediens en oor dit wat ons in die erediens doen elkeen van ons verryk. Mag ons daardeur versterk word om die erediens van ons lewe tot die eer van God lewe en mag elkeen van ons weer opnuut dink en praat oor hoekom ons eredienste lyk soos dit lyk en of dit werklik slaag in hierdie doelwitte.

DIE BYBEL: `N DIREKTE VERTALING

Dit het onder die aandag van die Bybeldgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gekom dat `n ene dr. Redelinghuys die bogenoemde Bybelvertaling verdag maak deur middel van `n e-pos petisielys, `n DVD wat versprei word as ook `n webtuiste www.2016newagebybel. Die BSA distansieër homself van die aantygings wat gemaak word en het in verband hiermee `n skrywe aan al die kerke gerig. Daar is `n kopie van hierdie skrywe in die ingangsportaal van die Skuur beskikbaar, indien daar van die lidmate is wat die antwoord van die BSA op dr. Redelinghuys wil bestudeer. Anders kan julle dit per e-pos van Adele of ds. Karel aanvra.

DEELNAME AAN, KOMMENTAAR OP EN VRAE OOR DIE PREDIKING

Ons wil graag lidmate se deelname aan die prediking verbeter en gaan voortaan elke Sondag in die voorportaal pamfletjies plaas waarop jy kommentaar op of vrae

oor die dag se boodskap kan lewer of vrae. Plaas hierdie pamfletjie in die "Versoeke houer" wat daarvoor in die voorportaal aangebring is. U kan ook by wyse van epos, Whatsapp of Facebook u vrae aan die predikante stuur. Die betrokke predikant sal dan die volgende Sondag of in die Dienelkander of kortliks mondelings daarop terugvoer gee tot voordeel van die hele gemeente. **Ons wil u aanmoedig om hiervan gebruik te maak.**

WYKSBYEENKOMSTE

Hierdie week, 25 April om 18:30, is dit die wyksbyeenkoms van wyke 21 en 22, terwyl wyke 26 en 28 op Sondag 28 April hul wyksbyeenkoms het. Wyke 26 en 28 gaan na die oggenddiens bymekaar kom vir `n bring-en-braai. Bring asseblief eie vleis, eetgerei, drinkgoed en bykosse.

Volgende week, 2 Mei om 18:30, is dit die wyksbyeenkoms van wyke 23 en 24.

Die doel van die wyksbyeenkomste is dat ons mekaar kan leer ken en dat ons saam praat oor die bediening in en van die gemeente. Maak asseblief `n poging om hierdie byeenkomste by te woon.

KENNISGEWINGBORD

- Residentia bied 'n Suid-Kus toer vir senior lidmate aan te Mooi Hawens naby Winkelspruit.
- Skolieskamp Gr 10-12 7 tot 12 Julie 2013
- Skoolverlaterskamp

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE UIT "DIE SAAIER"

Skotland: Bid vir ons vennote wat help om die Bybel in Skotland te versprei en die werk van die Bybelgenootskap te bevorder. Bid vir elke kind wat deur die loop van die jaar met ons reisende interaktiewe Bybeluitstalling, Bibleworld, in aanraking sal kom. Bid vir ons raad, personeel, vrywilligers en donateurs.

Noord-Ierland: Bid vir ons fondsinsamelingspogings wat ons in staat stel om Bybelwerk wêreldwyd te ondersteun. Bid ook vir die Nuwe Testamente en Bybelgedeeltes wat ons benodig om te versprei tydens die Ongelooflike Reis, 'n storievertelprojek wat op laerskoolkinders gerig is.

Republiek van Ierland: Die Bybelgenootskap in Ierland werk saam met alle kerke. Bid vir goeie verhoudings met die kerke. Bid vir ons raad en personeel asook vir ons fondsinsamelingspogings wat ons help om Bybelverspreiding plaaslik, maar ook in ander dele van die wêreld, te bevorder.

AMANDELBLOEISELS

Na 'n tydjie van rus het die Amandelbloeisels weer hulle maandelikse saamkuier van harte geniet. Ons gasvrouens het ons bederf met pannekoek, met soet en sout vulsels. Baie dankie aan hulle.

Ds Karel het geopen deur te lees uit Johannes 4 en lig 'n paar verse uit o.a. waar Jesus met die Samaritaanse vrou gepraat het en aan haar gesê het, sy praat die waarheid dat sy nie 'n man het nie en wat daarop volg. Baie van die dorp se inwoners het tot bekering gekom, nie oor die vrou se getuienis nie, maar oor wat Jesus gesê het, en so tot die belydenis gekom dat Jesus die Verlosser van die wêreld is.

So het ons geluister na Johan v Wyk se getuienis oor die impak wat die ongeluk op hom gehad het. Voor die ongeluk het hy saam met die wêreld geleef, gedoen wat hy wil, en self oor sy lewenswandel besluit. Maar die Here het Hom ontferm oor Johan en deur 'n ernstige motor-

ongeluk ‘n tweede kans gegee om homself aan die Here oor te gee. Sy lewe het met ‘n hand omkeer verander en kan hy nou die Here loof en prys oor Sy ingryping. Sy bewegings is beperk en so ook sy spraak, maar met sy mond en leefwyse getuig hy oor die goedheid van die Here wat hom as te ware soos ‘n stuk hout uit die vuur geruk het.
Ons bede is dat Johan, en ons dissipels van die Here sal wees en so ander tot die geloof sal bring.

Griet du Preez

Bet-Ezerprojek, Februarie 2013

Op die huidige stadium word hulp aan 6 gesinne verleen. Die Gereformeerde gemeentes in Potchefstroom dra maandeliks ongeveer R4000 by tot die projek. Hulp bestaan meestal uit die aankoop van kos, die betaling van kleuterskoolgeld, sodat die ouers kan werk, en bydraes tot huur en elektrisiteit. Behalwe hierdie vorm van algemene hulp wat die meeste gesinne nodig het om weer op die been te kom en selfversorgend te word, is daar soms spesiale en dringende behoeftes waarmee gehelp moet word. In Desember moes ‘n vrou met 2 kinders verhuis word na haar seun aan die Suid-Kus omdat haar man haar mishandel en die kinders gemolesteer het. In hierdie geval moes daar vinnig gehelp word, was die finansiële inset relatief groot en moet daar opvolg gedoen word met assessering en berading.
In die Bet-Ezerprojek gaan dit oor barmhartigheid aan gesinne met kinders, gesinne wat finansieel in die verknorsing is. Soms maak die hulp wat Bet-Ezer verleen die verskil tussen kinders wat by die ouers kan bly en kinders wat na ’n kinderhuis sal moet gaan. ‘n Baie belangrike doelstelling is om die Blye Boodskap aan hierdie gesinne te verkondig. Die barmhartigheid wat verleen word, is die liefde van Jesus Christus wat die pad na mense se harte kan oopmaak. Hierdie gesinne is vrugbare grond waar die saad van die evangelie geplant kan word.
‘n Vereiste om gehelp te word, is dat die gesin betrokke moet raak by ‘n gemeente deur dienste by te woon by die Kerk van hul keuse. Aan elke lid op die bestuur word ‘n gesin toegewys om die materiële en geestelike behoeftes te bepaal en te help, of gebruik te maak van ’n berader waar nodig.
Die bestuur bestaan op die oomblik uit: Jurg en Blanje van der Walt (0828519176, Bult), Tom en Cornelia Chambers en (Sentraal), Dirkie Venter (Oos), Kobus en Chrissie van der Walt (Mooirivier). Loraine van Dijk (Bult) help met kosaankope.

PROJEKTE

Oosdopperfees: Ons volgende projek vir die jaar is die **Oosdopperfees** op 25 Mei 2013! Wat ’n feesgeleentheid is dit nog elke jaar! Ons sien met opgewondenheid uit daarna!

Behalwe die reeds bekende **Vleisverkoping** waarna baie mense uitsien en die vrieskaste leeg hou, is daar baie ander lekker dinge wat ons dag vul.

Boeke / CD’s / DVD’s

Ons wil graag julle al aanmoedig om vir die Boeke Oase die oortollige boeke in jul kaste te bring sodat ons dit daar beskikbaar kan stel aan lidmate. Die Boeke Oase was verlede jaar ons beste stalletjie by die Oosdopperfees en het ook die meeste fondse geïn! Bring gerus die wat jy verlede jaar daar gekoop het en klaar gelees het, sodat ons dit weer met ander kan deel! Enige navrae oor die

Boeke Oase kan by Ment Larney gedoen word. Ook ou CD's en DVD's. Die van julle wat speletjies het wat hulle ook wil verkoop is welkom! Iemand anders kan dit weer geniet!

Ons **Handelshuis** is elke jaar 'n groot treffer en julle kan solank beplan wat jy gaan bydrae vir die handelshuis. Goeie gebruikte klere, gebak veral koeke (een laag) en klein koekies, konfyte, ingelegde vrugte, eiers, groente, plante, biltong, houtspeelgoed, bruikbare tweedehandse speelgoed, Wit Olifant items en goeie 2de handse tydskrifte ens. Dus enige iets wat jy kan bydrae vir ons Handelshuis is baie welkom.

NB! Ons wil ons gemeentelede versoek om te help met die bak van koeke, brode, terte en kleinkoekies. Bak gerus jou gunsteling kleinkoekies by die huis en bring vir ons dan sal ons dit vir julle verpak!

Die **Poedingtafel** is altyd 'n moet by die Oosdopperfees en hier is jou kans om jou lekkerste poeding vir ons te bring! Beplan asseblief betyds en maak seker dat ons elkeen 'n lekker bakkie poeding kan eet hierdie jaar!

Vlugbal ("Volleybal") kompetisie - Ja dit is ook nou al 'n instelling by ons fees en hier is jul kans om daarby betrokke te raak! Al die jonges van gees kan deelneem en solank begin oefen. Praat met Gerrie van Deventer as jy graag wil deelneem.

Grilgrot (Spookhuis) - Die gewilde grilgrot benodig 'n nuwe span om dit te beplan, uit te voer en te bestuur en ons sal bly wees as die van julle wat bereid is om daarmee te help met Rieëtte Venter gesels!

Uitstallers is welkom om ons te kontak vir uitstalgeleentheid. Praat met Rieëtte Venter en / of Adele Delport.

Kom neem jou Kiekie! Karin Conradie gaan hierdie jaar weer daar wees vir mooi fotos en lekker lawwe foto's - kom maak herinneringe bymekaar!

SUID-DOPPER BASAAR

Die Gereformeerde Kerk Potch-Suid nooi almal hartlik uit na hul Basaar. Kom doen u vleisaankope daar en koop sommer iets lekkers vir Saterdag middagete !

Wanneer: 27 April 2013 (Vryheidsdag)
Waar: Potch – Suid Kerkterrein

Kom en geniet dit saam met ons!

SUSTERS

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag bedien deur wyke 16, 17 en 18. Baie dankie vir die dames wat help met die skink en opwas!
Daar is weer vandag poeding beskikbaar teen ‘n donasie. Die geld wat hiermee geïn word, word vir die Koningskinders aangewend. Onthou ‘n donasie van ± R8 per bakkie poeding, dit is ‘n billike riglyn en baie waarde vir jou geld!

KWARTAAL PROGRAM – 2de Kwartaal

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
23-Apr	**Dinsdag**	**18:00**	**Wyksusters**	**Wyksustersvergadering**
19 Mei	Sondag	16:00	Blok A	Kerkraadsvergadering - verversings
20 - 24 Mei	Maan - Vry	13:00 en 18:00	Naamlys	Oosdopperfees - Vleiswerk - etes
25 Mei	Saterdag	09:00	Almal	Oosdopperfees
26 Mei	Sondag	17:30	Blok A	Jeugaand (Oos)
02-Jun	Sondag	19:00	Blok B	Ouderlingevergadering - verversings
04-Jun	Dinsdag	19:00	Blok D	Sustersamekoms
09-Jun	Sondag	12:00	Blok C	Nagmaalete

MELKFONDS

Ons herinner u aan ons melkfonds - ons wend die geld aan om elke Sondag die bederf van melkkoffie te kan geniet! Ons waardeer u bydraes hiervoor baie!

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP

ONS HET VOORDUREND POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huizemark you're home

VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209
Linda Nolte
082 785 3951

Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos (Paryslaan) Vleisbestelling: Mei 2013
Sluitingsdatum vir bestellings: 12 Mei 2013

				Nr.
Snit	**Prys/ kg**	**Hoeveelheid (kg) bestel**	**Hoeveelheid (kg) gelewer**	**Bedrag betaalbaar**
Maalvleis	**R 50**			
Maalvleis (maer)(Topside)	**R 65**			
Wors	**R 55**			
Kruisskyf (Rump) heel	**R 85**			
Kruisskyf (Rump) skywe	**R 85**			
T-been	**R 65**			
T-been sonder filet	**R 60**			
Prima rib (heel)	**R 50**			
Prima rib (gesny)	**R 50**			
Dy (Silverside)	**R 60**			
Dy (Silverside) - Soutvleis	**R 65**			
Gemarineerde tenderised steak	**R 70**			
Binneboud (Topside) heel	**R 65**			
Binneboud (Topside) skywe	**R 65**			
Kookvleis (Dikrib - "chuck")	**R 50**			
Kookvleis (Brisket & kortrib)	**R 50**			
Skenkels	**R 50**			
Sopbene (min vleis)	**R 35**			
Bene	**R 15**			
Hamburgerpatties (verpakking - 6)	**R 60**			
" Aantal pakkies van 6 (ongveer 600gr)				
Vark (heel- of halwe karkasse)	**R 32**			
Varkkoppe	**R 20**			
Enige snit nie hierbo aangedui nie:				
			TOTAAL	

*** Inhandiging van bestelforms:** in houer in ingangsportaal; sr. Susan Lourens (073 898 0181)
Bestellings word uitgevoer in die volgorde waarin dit ontvang word.

* U sal telefonies in kennis gestel word wanneer u u bestelling by die Skuur moet kom afhaal, waartydens u dan ook betaal. **Moenie geld by die bestelling insluit nie.**
* Van sommige snitte is beperkte hoeveelheid beskikbaar - dit mag dalk gebeur dat u bestelling nie volledig uitgevoer word nie. Van kruisskyf en T-bene word aanvanklik slegs 3 kg per be-bestelling uitgevoer.
* Sommige snitte is eers Saterdag tydens die verkoping beskikbaar. Daar sal voldoende van al die ander snitte uitgehou word vir Saterdagoggend **tydens die Oosdopperfees.**

Naam: ……
Adres: ……
……

Tel. (W) ……

Tel. (H) …… (S) ……